

H O O F S T U K I .Verwikkelinge op die Suidwestergrense van die  
Suid-Afrikaanse Republiek voor 1882.  
-----

Die nederlaag op Majuba was nog vers in die geheue van die Engelse volk, en die gedagte aan weerwraak het die hart van menige Engelsman besiel, toe die Transvaalse Boere in 1882 'n politiek begin volg het wat skynbaar teen die Britse belange gemunt was. Omstandighede het reeds al die Britse regering, half teen sy sin, daartoe beweeg om in Augustus 1881 die Konvensie van Pretoria te sluit met die Transvaalse leiers, waarby Engeland toegestem het in die gedeeltelike herstel van die onafhanklikheid van die Transvaal, toe daar onluste tussen die Kafferstamme op en kort buite die Suidwestergrense van die Transvaal in volle vlam uitbars. Nie maklik was dit vir Engeland gewees om aan die Transvalers hulle vryheid terug te gee nie, en nou was Britse staatsmanne nie geneig om toe te laat dat die Transvaal weer sy ou magsposisie herower nie. Op hierdie tydstip wil dit Engelse staatsliede voorkom asof beide burgers én owerheid van die Transvaal nie alleen simpatiek gesind is teenoor naturelle stamme wat voorheen onderdane van die Republiek was nie, en wat nou veg teen Britsgesinde stamme, maar ook daadwerklik hulp betoon aan daardie stamme, en probeer om die Republiek se gesag oor hulle te herstel. Soos lig te begrype is, het Britse politici onder die indruk geraak dat die werklike politiek van die Transvaal teen die Britse koloniale en imperiale belange gemunt was. Vir die Britse regering het dit geskyn asof die Transvaal nou besig was om 'n aggressiewe uitbreidingspolitiek te voer, om sodoende sy verlore grondgebied weer terug te wen. Geen wonder dat die Britse regering daarteen in verset gekom het en alle mag ingespan het om verdere magsuitbreiding van die Republiek te belet.

Alvorens/...

---

Alvorens die botsing tussen Engeland en die Transvaal met betrekking tot die westergrense te beskryf, 'n botsing gedurende welke die Republiek Stellaland ontstaan en ondergegaan het, is dit noodsaaklik om terug te gaan in die geskiedenis, om sodoende 'n juister begrip te kry van die faktore en omstandighede wat die houding en politiek van beide partye beïnvloed en bepaal het.

Sedert die dae van die eerste Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier, is daar deur die Boere aanspraak gemaak op 'n groot deel van die woestynagtige streek grond, beter bekend as Bechuanaland, en grensende aan Transvaal. Daardie aansprake was gevestig op verskeie gronde, n.l. veroweringsreg, okkupasiereg en koopreg.

Toe die Voortrekkers die Transvaal binnegetrek het en hulle in die jaar 1839 in die omstreke van Potchefstroom gevestig het, vind hulle byna geheel westelik Transvaal tot in Bechuanaland 'n verlate wildernis, as 'n gevolg van die verdelgingsoorloë van Tjaka en Moselekats. Laasgenoemde is aangetas deur die Trekkers op twee verskillende geleenthede, weens sy ongetergde aanvalle op die eerste Trekkers, sodat hy uiteindelik die wyk moes neem tot oor die Limpoporivier.<sup>1)</sup> Hierdeur het daar 'n end gekom aan die verwoestingsoorloë en die naturellegevaar, sodat die Boere in die westelike gedeelte van die Transvaal van nou af aan vreedsaam kon lewe. Hulle het eenvoudig besit geneem van die land, net soos Moselekats dit vroeër gedoen het, en die oorspronklike bewoners van die land onder hulle beskerming geneem.<sup>2)</sup> Met reg kon die Emigrante hulleself dus beskou as die de jure opvolgers van Moselekats as eienaars van hierdie landstreek.

Die/....

- 
- 1). Vgl. Walker, A History of South Africa, p.p.212-213; Leyds, De Eerste Annexatie van de Transvaal, p.51; Groenboek, Z.A.R., 1884, p.25; Theal, History of Africa South of the Zambesi from 1795 to 1872, Vol.II, p.p.300-303, 318-320.
  - 2). Vgl. Leyds, Het Insluiten van de Boeren-Republieken I, p.100; Groenboek, 1884, p.25.

Die land was as 't ware ontvolk. Wat oorgebly het van die Bechuanastamme na die oorloë van Moselekats het weggekruip of die Kalahariwoestyn ingevlug, of slawe van die oorwinnaar geword<sup>1)</sup>. Die Trekkers het eenvoudig besit geneem van die verlate gronde en plase bewoon en bewerk. Orde en rus het langsamerhand teruggekeer onder die weldadige invloed van 'n Europese beskawing. Kaffers het uit hulle skuilhoeke tevoorskyn gekom, en mettertyd het selfs swerwende Bechuana-stamme weer teruggekeer, en hulle vreedsaam gevestig onder die beskerming van die Emigrante. Kommandant A.H.Potgieter het b.v. 'n lokasie aangewys te Polfontein aan 'n aantal Barolongs onder die hoof Machabi<sup>2)</sup>. Nie alleen die vroeëre bewoners van die streke het teruggekeer nie, maar ook nuwe instromings van inboorlinge uit ander gebiede het plaasgevind<sup>3)</sup>.

Die Boere het al hierdie Bechuanastamme, Barolongs, Batlapins en Korannas beskou en behandel as staande onder hulle proteksie en wonende op grondgebied wat aan hulle behoort volgens reg van verowering. Op baie plekke tussen die stamme is plase opgemeet en transporte uitgereik tot in Bechuanaland. In kort, die Boere was ook die de facto opvolgers van Moselekats, as regeerder oor daardie gebied, en grond hulle aansprake op die betrokke gebied ook op die reg van okkupasie.

Met die Sandrivier-Konvensie van 1852 het Engeland volmondig die onafhanklikheid van die Trekkers ten noorde van die Vaalrivier erken, en sigself teruggetrek uit daardie streke onder belofte van geen verdere inmenging met die naturelle-stamme in daardie gebied nie<sup>4)</sup>.

Die Transvalers, wat daadwerklik probeer het om hulle gesag oor die naturellestamme tot in die Kalahari te laat/...

---

1). Vgl. Leyds, ta.p. , p.98; Groenboek, 1884, p.25.  
 2). Vgl. Gie, Geskiedenis vir Suid-Afrika II, p.p. 317-318; Groenboek, 1884, p.p. 25-26.  
 3). Vgl. Groenboek, 1884, p.p. 25-26.  
 4). ad.E.V.R. 106/52.

laat geld, het al heel spoedig in botsing gekom met Engelse sendelinge. Reeds het Komdt.-Gen. A.W.J.Pretorius in daardie rigting gewerk en in 1852 moes Montsioa en ander hoofde in die onstrecke van die Molopo erken dat die land aan die Boere behoort as opvolgers van Moselekats. Montsioa het burgerregte ontvang. In hierdie strewe om uit te brei na die Weste het die Boere veral gebots met Dr.David Livingstone van die Londense Sendinggenootskap. Die Sandrivier Konvensie het geen grense ten Weste sowel as ten Ooste vasgestel nie en Livingstone het volgehou dat Bechuanaland buite die grense van die grondgebied, waaroor die gesag van die Boere gestrek het, geval het. Sekere van die Kafferstamme was ook onwillig om hulle onderdaanskap aan die Boere-regering te erken. So moes in 1852 Sechele tot sy plig gebring word, terwyl Montsioa gevlug het. Na Marthinus Wessel Pretorius sy vader opgevolg het, het hy aan Montsioa sy lokasie teruggegee <sup>1)</sup>.

Livingstone het nog in dieselfde jaar protes aange-teken by die owerheid in Engeland teen die Sandrivier Konvensie, wat, volgens hom, die Emigrante die vrye spel gee in Bechuanaland <sup>2)</sup>.

Die stryd om die beheer oor die Westelike streke was dus al aan die gang vanaf die vroegste vyftigerjare, en ook ander Engelse sendelinge in daardie gebied het hulle bemoei met die saak, en die strewe van die Boere teengestaan.

Na die sendelinge het veral David Arnot, Prokureur in Colesberg en later agent van Waterboer, net soos Dr.Philip en Livingstone en later Rhodes, hom voorgeneem om die Boere weg te hou uit Bechuanaland. In 1862 het hy die stryd hiervoor begin. Spoedig het hy namens Mahura, die Koranna opperhoof, /...

---

1). Vgl. Walker, A History of South Africa, p.p, 289-290.  
2). Sien Keate-Arbitrasie in SS.60.

hoof, begin aanspraak maak op 'n Batlapinlyn wat sou sny tot diep in welgevestigde dele van die Transvaal. In die jaar 1868 is diamante ontdek by die sameloop van die Vaal- en Hartsriviere op grond waarop sowel Mahura en Waterboer as die Suid Afrikaanse Republiek aanspraak gemaak het. Die goudontdekkinge te Tati het egter hierdie ontdekking oorskadu en, miskien as 'n gevolg hiervan, besluit Pretorius om die westergrense van die Suid Afrikaanse Republiek eindelik vas te stel.<sup>1)</sup>

In April 1868 proklameer die President dan die grense van die Republiek. Hierdie grenslyn sou dan 'n groot stuk grond ten Noorde en ten Weste van die Transvaal omvat, selfs sover as die Ngamimeer.<sup>2)</sup> Op hierdie wyse sou 'n groot deel van Bechuanaland binne die grense van die Republiek geval het, maar dit mog nie wees nie: 'n Heftige protes van die kant van die Britse regering het Pretorius verplig om sy proklamasie terug te trek.<sup>3)</sup>

So bly die westergrense van die Suid Afrikaanse Republiek dus onbepaald. Pretorius het egter sy pogings nie opgegee nie. Vroeg in die jaar 1869 tree hy in onderhandeling met die Koranna- en ander hoofde. Die Korannas het hulle inskikkelik betoon om die gesag van die Republiek te erken, hoewel Mahura nie die Hartsrivier as die westergrens van die Republiek wou aanneem nie.<sup>4)</sup>

Op hierdie tydstip neem die diamantontdekkings ont-saglik toe in omvang en belangrikheid. Teen die einde van die jaar 1869 proklameer Pretorius die nuwe distrik Bloemhof langs die Hartsrivier, en strek die Veltkornetskap Zeerust uit tot ver in Bechuanaland ten Noorde van Kuruman.<sup>5)</sup> Op die  
diamant-/...

1). Vgl. Walker, t.a.p., p.p. 334-337.

2). Staats Courant der Z.A.Republiek, 29 April 1868.

3). Vgl. Walker, t.a.p., p. 338.

4). Ibid.

5). Ibid., p. 339.

diamantgronde het die Republiek sedert baie jare aanspraak gemaak, en ook jurisdiksie uitgeoefen. Waterboer, egter, het ook op sy vermeende regte blystaan, en, om 'n beslissing te verkry, het die regering van die Suid Afrikaanse Republiek, saam met die ander betrokke partye, daarin toegestem dat die geskil onderwerp sou word aan die arbitrasie van Goewerneur Keate van Natal. Laasgenoemde het, tengevolge van 'n swak pleidooi van die kant van die Republiek, en die handige optrede van David Arnot, die verteenwoordiger van Waterboer, die betwiste gebied toegeken aan die Grikwa-Opperhoof, Waterboer, en 'n lyn bepaal wat bedoel was as die westergrens van die Republiek<sup>1)</sup>

Die uitspraak het terselfdertyd uitgewys wie, in die opinie van die Britse outoriteite, die wettige opperhoofde van die verskillende Kafferstamme daarlangs was. So is Montsica deur hulle erken as wettige hoof van die Barolongs, en Mankoroane, as dié van die Batlapins en die Korannas. Sekere ander Bechuanakapiteins het egter volgehou dat hulle die wettige hoofde was, b.v. David Massouw Riet Taaibosch van die Korannas, Gasibone van die Batlapins, en Moshette van die Barolongs. Ook die Suid Afrikaanse Republiek het teen die uitspraak protes aangeteken en Massouw en die ander protesterende kapiteins ondersteun in hulle aansprake op die opperhoofskap van hulle betrokke stamme.

Die Britse regering het sig daaraan nie gesteur nie, en die reg van Mankoroane en die hoofde wat in dieselfde posisie as hyself verkeer het, ondersteun. Intussen het die Republiek, wat deur die Keate-uitspraak beroof is van 'n groot deel van die distrikte Marico en Potchefstroom sowel as die dorp Bloemhof eenvoudig sy jurisdiksie oor daardie dele gehandhaaf en geweier om die uitspraak te erken. Dit was maklik verstaanbaar aangesien/...

---

1). Vgl. Walker, t.a.p., p. 345.

aangesien sommige burgers reeds vir 'n kwart eeu plase bewoon het in die betwiste gebied, en dele daarvan wel-  
 1) gevestigd was .

President Pretorius was verplig om te bedank en hy werd opgevolg deur T.F. Burgers van Hanover. Laasgenoemde het 'n poging aangewend om 'n gedeelte van die verlore grondgebied terug te win deur verdrae te sluit met sekere Kaffer-kapiteins o.a. Massouw, en het in ruil sessies van hulle gronde van die opperhoofde verkry. President Burgers het ook die Keate-uitspraak gerepuditeer en in 1874 sy verkree sessies geproklameer as Republikeinse grondgebied. Daarop het die Britse outoriteite vir Mankoroane verklaar as Groot Opperhoof van die Batlapins en die Korannas en 'n gesamentlike  
 2) Kommissie voorgestel om die Keate-grensllyn af te baken .

Niks egter het daarvan gekom nie. Die sessies is ook nie deur die Britse regering erken nie. Die posisie het onveranderd gebly. De jure het die betwiste gebied nou buite die grense van die Republiek geval, hoewel die staatsadministrasie en jurisdiksie daar voortgeduur het asof niks gebeur het nie. Intussen het die stamme onder mekaar begin twis as 'n gevolg van die Keate-uitspraak.

In April 1877 word die Republiek deur Sir Theophilus Shepstone geannekseer as 'n Britse kolonie. Toestande in die Keate-Arbitrasie gebied het so verwarrend geword dat op 29 Januarie 1878 sekere Engelssprekende inwoners van Bloemhof 'n petisie gestuur het aan Sir Bartle Frere, waarin hulle vra dat daardie gebied aan Grikwaland-Wes geannekseer moes word. Hulle maak gewag daarvan dat na die Keate-uitspraak "utter  
 3) lawlessness has prevailed" . Kolonel Lanyon, weer, het  
 aangeraai/...

---

1). Vgl. Leyds, De Eerste Annexatie..., p.p. 169, 172.  
 2). Vgl. Walker, t.a.p., p. 357.  
 3). C.2144, p.p. 149-150.

aangeraai dat die bedoelde streck grond aan die Transvaal geheg moes word, en Shepstone het ten volle ingestem met hom. My gebruik o.a. die volgende woorde: "When the Transvaal was annexed to the territories of the British Crown I found the district of Bloemhof to have been cut off from the Transvaal by the Keate Award, the jurisdiction of the late Government nevertheless continued to be asserted by the usual officers who collected taxes and administered the laws of the State. It was inevitable that such administration would, under the circumstances, be weak and vacillating, and that it would become less effective as time passed on without any remedy being applied.

The only remedy, as far as I can judge, is that the country should be included in one or other of the two British territories. (d.w.s. Transvaal of Grikwaland-Wes).

White occupation has become too deeply rooted, and native complications promise to involve consequences too serious to both the Cape Colony and the Transvaal, to render any other course prudent, or even possible, in the interests of all parties concerned.

The country belongs, naturally, to the Transvaal.

.....  
 In consequence of the uncertainty of the jurisdiction the administration of its affairs has necessarily been feeble and unsatisfactory, to be otherwise it must be included in one Colony or the other"<sup>1)</sup> .

'n Aantal ander inwoners van Bloemhof het 'n teenmemorie aan Sir. B. Frere gerig, waarin hulle vra dat die distrik nie aan Grikwaland-Wes geheg sal word nie. Hulle sê ook dat hulle Mankoroane nie erken as hoof van die Batlapins nie, /...

---

1). C.2144, p.p. 150-151.



nie, en ontken ook die reg van enige Batlapin-hoof om die gebied te regeer. Mankoroane se aansprake op die opperhoofskap is bewys as vals, <sup>1)</sup> beweer hulle .

Hierop is toe aan Majoor Warren opdrag gegee om 'n <sup>2)</sup> ondersoek in te stel in al hierdie omstandighede .

Op 18 Julie 1878 rapporteer Shepstone aan Sir. B. Frere dat die naturelle in die betwiste gebied onder 'n hoër gesag behoort te staan, vir hulle eie ontwil sowel as vir die blankes se onthalwe. Solank as daar geen algemene opgewondenheid bestaan, meen hy, ~~was~~ die naturelle min of meer verenig teen die blankes, begin hulle onder mekaar <sup>of</sup> twis, en dikwels word hulle nog aangehits deur witmanne wat onder hulle woon. Dit is hoogs nadelig vir die binnelandse handel. Gasibone, sê hy verder, is van plan om Mankoroane aan te val omdat laasgenoemde Engelsgesind is en deur die Engelse ondersteun word, terwyl hy, Gasibone, 'n vriend van die Boere is. "The Keate Award was made under the idea that it was meting out justice to the natives, and to Gasibone among the rest of them, and that it would tend to maintain the peace of the country, but in fact it handed them over in many cases to white land speculators and adventurers, and in all to the anarchy of tribal disputes, because, from the nature of things, it was impossible for an umpire to declare or provide for the rights of each tribe.

I venture to offer my opinion to Your Excellency that the spirit of the Keate Award would be best carried out by the jurisdiction of this Government being fully exercised over the whole of the old limits of the Transvaal, and by sufficient lands being beaoned off for each of the tribes which at present inhabit the portion cut off by the Keate Award

in /...

1). C. 2144, p.p. 151-152.

2). Ibid., p. 152.

in proportion to the number of their people, and set apart  
 1)  
 for their use" ,

Shepstone het dus feitlik aangeraai dat die Trans-  
 vaal se verlore grondgebied weer moes aangeheg word, as die  
 enigste oplossing uit die verwarring en twiste tussen die  
 naturelle wat buite die grense aan hulleself oorgelaat was.  
 Meer nog, in November 1878 rapporteer Kolonel Warren (later  
 Sir Charles Warren) aan Sir Owen Lanyon dat Mankoroane nie  
 sy posisie as "paramount Chief" kan handhaef nie en versoek  
 dat hy en al sy volk en onderhorige kapiteins onder Britse  
 bestuur gebring mag word. "I have had several interviews with  
 the Chief Mankoroane, and he has come to the conclusion that  
 he is quite unable to control and govern either the native  
 Chiefs of other tribes or even the people of his own tribe,  
 and that the direct rule of the British Government is re-  
 quired. .... I beg to represent that the power  
 hitherto assumed over other tribes by the Chief Mankoroane,  
 and which he has never been strong enough to exercise, has  
 been a fruitful source of irritation among the natives of  
 these Territories, and I have to submit that if he were at  
 once relieved of this position, the general peace of these  
 Territories would be accelerated. I have further to call at-  
 tention to the fact that it is a general remark among the  
 several Chiefs that the natives of the Bechuana tribes are  
 not now subject to the same control which the Chiefs formerly  
 2)  
 were able to exercise over them ".

'n Paar dae later rapporteer Warren weer dat Manko-  
 roane verklaar het "that for years past he has been too weak  
 to exercise the control over other Chiefs which he had assumed  
 as Paramount, and that he had no power except through the  
 influence/...

---

1). C. 2220, p.p. 109-110.  
 2). C. 2454, p.p. 28-29.

influence of the British Government, and that now he had no control over the people even of the border villages of his own tribe, there being Chiefs among them who claimed precedence over him." Daar heers volgens Warren, geen wet en orde meer onder die Bechuanastamme nie <sup>1)</sup>.

Dit is die rapport van 'n Britse amptenaar oor 'n opperhoof, wat deur die Keate-uitspraak en daarna deur die Britse regering as "paramount" erken was. Dit is duidelik dat die hele posisie in die Keate-Arbitrasie gebied swanger aan moeilikheid vir die toekoms gegaan het, en dit as 'n gevolg van daardie arbitrasie.

In die hierbove aangehaalde stukke adviseer Shepst en ander amptenare feitlik 'n gedeeltelike omverwerping van die uitspraak deur die Britse regering, as die enigste moontlike oplossing van die probleem. Niks is egter aan die saak gedaan om uitvoering te gee aan hierdie advies nie, daar die Soeloe moeilikhede op daardie tydstip gevaarlik geword het. Ook die Transvaalse Boere het gedurig 'n meer en meer dreigende toon begin aanslaan. Engeland had sy hande vol. Die Soeloe-oorlog was nie lank agter die rug nie toe die Eerste Vryheids-oorlog in die Transvaal uitbreek. Na die sluiting van die wapenstilstand is 'n Koninklike Kommissie aangestel deur die Britse regering om die wyse van teruggawe van Transvaal aan die Boere te reel.

Een van die vermaamste sake waaroor beslis moes word deur die Kommissie, was die kwessie van die reëling van die westergrens van die Transvaal. Terwyl die Kommissie nog besig was met sy beraadslaginge, word daar in Mei 1881 skielik 'n aanval gemaak deur Montsioa op Machabi, omdat laasgenoemde

hoof/...

---

1). C. 2454, p. 30.

hoof sig nie wou onderwerp aan sy gesag nie <sup>1)</sup>. Daarop  
 werd Generaal Joubert en Majoer Buller deur die Kommissie  
 naar die grense gestuur om die orde te herstel en die oorsake  
 van die moeilikheid te ondersoek. Moshette, wat deur  
 Machabi as sy opperhoof erken was, het daarop beloof om die  
 vrede te bewaar hangende die ondersoek deur die Kommissie <sup>2)</sup>.  
 Ongelukkig het die Kommissie die saak daarby laat bly, nie-  
 teenstaande herhaalde pogings van die Boere-Voormanne en  
 Moshette om 'n finale beslissing te verkry <sup>3)</sup>.

Intussen het die Kommissie voortgegaan met sy werk-  
 saamhede en 'n nuwe grenslyn vaargestel, 'n soort van kompromis  
 tussen die Keate-mitspraak lyn en die lyn soos verlang deur <sup>4)</sup>  
 die Boere, sonder om Shepstone se aanbevelings in ag te neem.  
 Die nuwe grenslyn, aanbeveel deur Kolonel Moysey, is opgeneem  
 in die Konvensie van Pretoria nieteenstaande herhaalde waar-  
 skuwings van die kant van die Boere-leiers dat dit sou lei  
 tot moeilikheid tussen die Kafferstamme onderling <sup>5)</sup>. Die  
 nuwe grenslyn het dwarsdeur die natuurlikegebiede geloop,  
 sonder om 'n skeiding te maak tussen stam en stam. Die meeste  
 natuurlikehoofde is buite die Transvaal gelaat, geheel en al  
 onafhanklik van enige hoëre gesag, wat die orde tussen hulle  
 kon bewaar. Die saak van opperhoofskap is onopgelos gelaat.  
 Mankoroane, Montsioa, Massouw en Moshette val dus buite die  
 Transvaal, hoewel Machabi, wat Moshette erken het as sy  
 opperhoof, binne die Transvaal gelaat was. Verder het die

Konvensie/...

- 
- 1). R.1219/81.  
 2). C. 3098, p. 52; R.1647/81.  
 3). Vgl. Leyds, Het Insluiten ..... I, p. 110.  
 4). C. 3114, p.p. 21-23.  
 5). R.1370/82.

Konvensie vasgestel dat 'n Britse Resident te Pretoria gevestig sou word, en hy sou die middel van kommunikasie wees tussen die naturelle en die Transvaalse regering <sup>1)</sup>.

Die Konvensie van Pretoria is geteken op 3 Augustus 1881. Alleen met die grootste teësin het die Volksraad van die Transvaal Staat, soos die nuwe naam van die Republiek nou was, op 26 Oktober 1881 daarin toegestem om die Konvensie goed te keur <sup>2)</sup>.

Die besprekings oor die Konvensie was nog nie afgeloop nie, toe meteens die moeilikhede tussen die naturelle op die westergrense opnuut 'n aanvang neem. Dit was 'n hervatting van die twis tussen Moshette en Montsioa van die vorige Maand. Nou egter, het die stryd groter afmetings begin aanneem, en ander verwickelinge het daarop gevolg. Nie alleen die Barolonghoofde, Moshette en Montsioa, het begin veg nie, maar ook het Mankoroane, die Batlapinhoof, 'n ongetergde aanval gemaak op Mossouw, die Koranna bondgenoot van Moshette. By hierdie onluste tussen Mossouw en Mankoroane het blanke vrywilligers aan weerskante deelgeneem, en hulle inmenging in die stryd het later gelei tot die stigting van 'n onafhanklike Republiek, Stellaland.

---